

9 Februarie 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



1 Korintiërs 2: 1-16

ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Wat is die eienskappe van ware wysheid? Is daar iemand wat jy as 'n wyse mens bestempel?

word stil

Lees Psalm 112: 1-9

Dink na oor wat dit beteken om die Here te dien.

GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam
1 Korintiërs 2: 1-16

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Paulus beklemtoon die eenvoud van die evangelie. Wat bedoel hy daarmee? Waarom is dit dan dikwels so moeilik vir mense om daaraan vat te kry?

Wat is die verskil tussen "wêreldse wysheid" en "Goddelike wysheid"? Hoe lyk dit wanneer jou lewe deur wêreldse wysheid en deur Goddelike wysheid bepaal word?

Paulus se bediening word deur die kruis gerig. Wat beteken dit? Wanneer doen ons dit en wanneer doen ons dit nie?

Daar is 'n spreekwoord: "gelowiges is nie God se advokate nie, ons is God se getuies." Hoe gee Paulus hieraan gestalte? Wat vra dit van ons?

Wat is, volgens Paulus, die rol van die Heilige Gees in die lewe van gelowiges? Hoe beleef jy dit?

Hoe beskryf Paulus homself? Sou jy ook so beskryf wou word? Hoekom of hoekom nie?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

"Ons het die Gees van Christus" (vers 16) beteken ons het dieselfde dienende ingesteldheid as Christus. Hoe gee ons hieraan uitvoering?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.

